

Het diskoersanalise 'n toekoms?¹

Andrie du Toit

Navorsingseenheid vir Nuwe Testament

Universiteit van Pretoria

Abstract

Does discourse analysis have a future?

After a promising start, enthusiasm for the use of discourse analysis in the study of biblical texts seems to be waning. Several reasons for this state of affairs are identified: lack of focus, consensus and results, fragmentation and isolation, methodological imperialism, excessive formalisation and schematisation, idiosyncratic tendencies, discrepancies between input and output, inability to break out of the mould of the sentence and competition from other disciplines. However, discourse analysis has proven itself as such a useful exegetical instrument that everything should be done to rehabilitate it. Suggestions to this effect are made. South African discourse analysis can make an important contribution towards any future development of discourse analysis.

1. INLEIDING

Tot ongeveer die helfte van die twintigste eeu het linguïste hulleself beperk tot die bestudering van sinne en hulle sub-eenhede. Fonologiese, morfologiese, leksikale, sintaktiese en semantiese studies was beperk tot sinne, frases, woorde en die kleiner eenhede waaruit laasgenoemde saamgestel is. Selfs na diskoersanalise sy eerste onseker treë begin gee het, verklaar byvoorbeeld Hendricks (1967:14) nog: "In linguistics proper the maximum unit is the sentence."

Die keerpunt is gesignaleer deur Zellig Harris, die leermeester van Noam Chomsky, wat in 1952 die belangrike stelling gemaak het dat taal "does not occur in stray words or sentences, but in connected discourse, from a one-word utterance to a ten-volume work" (Harris 1952:3). Ongelukkig het Harris se eie vorm van struktuuranalise nie ernstige navolging gevind nie omdat dit te formalisties van aard was (Hendricks 1967; vgl Pak 1972:26-48 en veral 38-39).

¹ Met die allerbeste toekomswense opgedra aan kollega Professor Piet Geyser by geleentheid van sy aftrede.

Het diskoersanalise 'n toekomst

Die fokusverskuiwing weg van die sin na taalstrukture wat die ruimte van meer as een samehangende sinne beslaan, het 'n nuwe era in die linguistiek ingelui. Hierdie studie, wat weldra bekend geword het as diskoersanalise, teks-grammatika (Van Dijk 1972) of tekslinguistiek, het in so 'n mate begin floreer dat die literatuur op hierdie veld reeds in die tagtigerjare haas onoorskoubaar geword het (kyk veral Van Dijk 1985 volumes 1-4). In talle vakgebiede het vorms van diskoersanalise ontstaan wat die behoeftes van die besondere vakgebied moes dien. Hierdie verskeidenheid van diskoersanalises moes om begryplike redes rekening hou met die groot aantal diskoerssoorte wat vir die onderskeie vakgebiede relevant is. Van Dijk (1985 vol 2:xii) praat selfs van “hundreds of discourse genres.”

Op die terrein van die Bybelwetenskappe is ook van hierdie ontwikkelinge kennis geneem en heelwat werk is in hierdie verband gedoen (kyk veral Porter en Carson 1995; Reed 1996; Reed 1997a; Reed 1997b; Porter en Reed 1999). Hoë verwagtings met die oog op die analise van Bybelse tekste is van diskoersanalise gekoester. In die woorde van Beardslee (1989:188): “It may well turn out to be the case that another type of linguistic interpretation (*scil.* discourse analysis), making less extensive hermeneutical claims, will come to be even more fruitful for actual exegesis than structuralism or Gütgemann’s generative poetics.”

Hier te lande was dit veral Professor Jannie Louw wat die belang van die strukturele benadering onder die aandag van sy studente en kollegas gebring het. Ook het hy 'n spesifieke vorm van diskoersanalise ontwikkel wat plaaslik wye populariteit geniet het en ook oorsee aandag getrek het (vgl Louw 1973, 1976, 1979, 1992). In sommige Suid-Afrikaanse kringe is diskoersanalise entoesiasties begroet as 'n soort wonder tegniek wat alle eksegetiese probleme sou oplos. Met groot optimisme is byvoorbeeld aanvaar dat diskoersanalise dié struktuur van 'n bepaalde teks as 't ware onfeilbaar sou kon blootlê. Dit het Ferdinand Deist genoop om 'n artikel te skryf waarin hy die heuristiese moontlikhede van diskoersanalise ernstig bevraagteken het (Deist 1978). 'n Ander simptoom van hierdie aanvanklike optimisme was die neiging om eksegeese in diskoersanalise te laat opgaan. Sommige studente was selfs onder die indruk dat met die afhandeling van die diskoersanalise van 'n bepaalde teks hulle eksegetiese taak voltooi was.

In aansluiting by die pionierswerk van linguiste, wat met 'n groot verskeidenheid van modelle gewerk het, het Bybelwetenskaplikes in verskillende lande uiteenlopende vorms van diskoersanalise op Bybeltekste

begin toepas. In sy 1995 oorsigartikel onderskei Stanley Porter rofweg tussen vier “skole”: 1. die Noord-Amerikaanse model wat deur die *Summer Institute of Linguistics* toegepas word; 2. die Engelse en Australiese een wat sy oorspronklike impulse veral van die werk van Halliday en Hasan (vgl veral Halliday & Hasan 1976) ontvang het; 3. die Kontinentaal-Europese model, wat Skandinawië insluit, en die Suid-Afrikaanse een. Hy bespreek die belangrikste publikasies van hierdie onderskeie rigtings en evalueer elkeen se sterk en swak punte.

Ten spyte van die opgang van diskoersanalise in die algemene linguistiek en van die mate van entoesiasme wat dit in sekere eksegetiese kringe gewek het, kan egter nie gesê word dat dit tot nog toe enige noemenswaardige vastrapplek in die hoofstroom van die Bybelwetenskap gekry het nie. Die teenoorgestelde is vandag eerder die geval. Belangstelling in die benutting van diskoersanalise vir eksegesis is aan die afneem. Reeds in die begin van die jare negentig het De Beaugrand (1991:2) ten opsigte van diskoersanalise in die algemeen gepraat van “a period of stagnation”. Op ’n meer positiewe noot het Porter nog in 1995 verkies om te praat van “a period of reflection and consolidation” (Porter 1995:21). Na so ’n tydperk van besinning en konsolidasie sou ’n mens kon hoop op ’n hernieude groeifase. Laasgenoemde het egter tot nog toe uitgebly.

Hierdie toedrag van sake noop ons om te vra of diskoersanalise nog ’n toekoms het. Is redevoeringsanalise, ten minste wat die studie van die Skrif betref, inderdaad besig om ’n stadige dood te sterf? Die prognose lyk nie goed nie.

Hierteenoor moet gestel word dat baie studente en navorsers, ten minste hier te lande, kan getuig van die besondere waarde wat hulle uit die benutting van diskoersanalise geput het. Dit geld nie net van deurwinterde Nuwe-Testamentici en taalkundiges nie, maar ook van talle studente wat hierdie metode met groot voordeel in hulle eksegetiese arbeid, in verhandelings en in doktorsale proefskrifte gebruik het. Hierdie persone sal saamstem dat die verdwyning van diskoersanalise as ’n eksegetiese hulpmiddel ’n ernstige leemte sal laat.

Vir die behoud en verdere ontwikkeling van diskoersanalise sal ons derhalwe eerste moet probeer vasstel watter probleme die huidige stand van sake meebring het. Daarna sal gevra moet word hoe hierdie probleme die hoof gebied sal kan word. Daarmee is terselfdertyd ook die verdere verloop van hierdie artikel aangedui.

2. DIAGNOSE VAN DIE PROBLEME WAT BYGEDRA HET TOT DIE HUIDIGE STAND VAN SAKE

2.1 Gebrek aan fokus, konsensus en duidelike resultate

Die studie van taal is prakties so wyd as die lewe self. As spieëlbeeld hiervan vertoon die linguistiek tradisioneel 'n magdom van posisies, skole, sub-groeperings, ensomeer. Dit het ook in die studie van diskoers sy tol geëis. Gevolglik moes Stubbs (1983:12) konstateer “no one is in a position to write a comprehensive account of discourse analysis. The subject is at once too large and too lacking in focus and consensus ... Anything at all that is written on discourse analysis is partial and controversial.” Die geweldige onsekerheid en vloeibaarheid wat die teorie en praktyk van hierdie paradigma kenmerk, noop Cotterell en Turner (1989:233) tot die uitspraak: “... we must at least comment on the tentative nature of this aspect of linguistics. The fact is that at the present there are no firm conclusions, no generally accepted formulae, no fixed methodology, not even an agreed terminology.” Die indruk ontstaan van soveel hoofde, soveel sinne. Daar is weinig te bespeur van gesamentlike fokus, konsensus en algemeen aanvaarde resultate.

Die gebrek aan fokus het ten nouste te make met onsekerheid oor die doel van diskoersanalise. Uit die internasionaal beskikbare artikels wil dit voorkom of daar in hierdie verband, ten minste wat die Bybelwetenskappe betref, groot onduidelikheid bestaan. Reed (1997b:189) se definisie van diskoersanalise lui byvoorbeeld: “Discourse analysts investigate the roles of the author, the audience, and the text (and its language) in the production and consumption of communicative acts. On the one hand, discourse analysts seek to *interpret a speaker's or author's role in the production of discourses*. In addition to the speaker's role, discourse analysts also seek to *interpret the listener's or reader's comprehension(s) of and response(s) to the discourse*. Hierdie agenda is wel in ooreenstemming met sommige tendense in die algemene linguistiek, maar wat die Bybesle eksegesi betref, is dit te ambisieus. Bybelse diskoersanalise moet hom daarvan weerhou om die interaktiewe aspekte van tekste te bestudeer. Daarvoor is daar ander instrumente beskikbaar.

In die internasionale literatuur oor diskoersanalise tree die term “kohesie” telkens prominent na vore. Die belangrike vraag is watter plek kohesie in diskoersanalise beklee. Is dit sy eintlike fokus? Wanneer 'n mens Reed se produksies nagaan, blyk dit dat hy diskoersanalise baie sterk gebruik om kohesie/koherensie en daardeur die vraag na die eenheid en integriteit van Nuwe-Testamentiese dokumente aan die orde te stel. Hy doen dit in die geval van 1 Timoteus en ook Filippense (Reed 1992, 1993, 1997a, 1997b). In

sy behandeling van diskoersanalise in die *Handbook to exegesis of the New Testament* (Porter 1995) vorm “analysis of discourse cohesiveness” die sluitstuk van sy betoog (Reed 1997b:205-212). En in sy groot werk op Filippense loop sy breedvoerige teoretiese behandeling van diskoersanalise uiteindelik ook uit op ’n ondersoek na die literêre integriteit van Filippense. Hieruit kan die indruk maklik ontstaan dat kohesie/koherensie die eintlike doel en kern van diskoersanalise kan wees. Dit sou egter ’n wankonsepsie wees. Reeds die naam “diskoersanalise” dui immers aan dat hierdie metode se fokus behoort te val op die ontsluiting van die strekking en gang van die betoog. Die toetsing van kohesie is wel ’n uiters noodsaaklike preliminêre vereiste vir diskoersanalise. Indien die toetsing van die interne kohesie van ’n spesifieke teks dus nog nie vooraf as deel van die eksegetiese proses gedoen is nie, moet dit sekerlik geskied voordat met diskoersanalise voortgegaan word. Hiervoor is daar voldoende leksikaal-sintaktiese kriteria beskikbaar. Dit is ook moontlik dat die voortgaande proses van diskoersanalise die kohesie/koherensie van ’n teks nog verder kan bevestig. Laasgenoemde kan dus ’n sinvolle nuwe-produk van diskoersanalise wees, maar, soos reeds aangedui kan dit nie redevoeringsanalise se eintlike taak wees nie. Indien dit wel die geval sou wees, sou ons inderdaad moes vra of diskoersanalise sy bestaan op hierdie manier sou kon regverdig, te meer aangesien dit nie die vraag na die integriteit van ’n dokument bo alle twyfel kan beantwoord nie (so Reed self: 1997a:406-408).

Billikerwys moet gestel word dat Reed ook ander geluide laat hoor. In sy artikel onder die titel “Identifying theme in the New Testament: insights from discourse analysis” (Reed 1995) gee hy aandag aan die tematiese aspekte van Filippense. Daarmee kom hy nader aan wat myns insiens die eintlike fokus van Nuwe-Testamentiese diskoersanalise behoort te wees.

2.2 Gefragmenteerde en geïsoleerde navorsing

Hierdie probleem sluit ten nouste aan by die voorafgaande.

Gefragmenteerde en isolasie is een van die mees prominente kenmerke van die werk wat tot dusver op die gebied van Bybelse diskoersanalise gedoen is. Dit word veroorsaak deurdat verskillende linguïstiese modelle (vgl hierbo) gevolg word, maar ook deur geografiese faktore en akademiese idiosinkrasieë. Melding is reeds gemaak van die feit dat Porter hierdie werk breedweg onder vier “skole” tuisgebring het. Maar selfs die benaming “skole” is enigsins pretensieus, aangesien die onderskeie “skole” se protagoniste ook sterk onder mekaar verskil. Globaal sal gesê moet word dat die onderskeie groepe en modelle weinig meer gemeenskaplik vertoon as die ideaal om die

Het diskoersanalise 'n toekoms

linguistiese en semantiese raaisels van bowe-sinstrukture in belang van die Bybelwetenskap te deurgrond.

Verskeidenheid van insette is wetenskaplik nie noodwendig negatief nie. Dit kan lei tot vrugbare kruisbestuwing en groei. Wanneer dit egter te geïsoleerd en gefragmenteerd plaasvind, is sodanige verryking 'n ernstige probleem. Ongelukkig het die studie van diskoers so parogiaal geraak, ook wat sy paradigmatische basis betref, dat wedersydse samewerking en stimulering uiters moeilik geword het. Longacre (1996:vii) sug byvoorbeeld: "I still cherish the hope that the study of discourse can be somewhat ecumenical rather than parochial." Porter (1995:27) praat van die "eilandkarakter" van die werk by die Summer Institute of Linguistics", maar hierdie selfde eienskap kenmerk in mindere of meerdere mate die werk op diskoersanalise wat internasionaal gedoen word.

Hierdie onbevredigende situasie kry duideliker perspektief wanneer 'n mens dit vergelyk met ontwikkelinge rondom die herontdekking van die retoriek. Ook wat hierdie studieveld betref, is daar baie rigtings en woelinge. Tog word gereeld wêreldwye konferensies op hierdie gebied gehou en het die retoriek reeds 'n vaste staanplek by die Societas Novi Testamenti Studiorum verower.

2.3 Die neiging tot metodologiese imperialisme

Protagoniste van nuwe eksegetiese metodes is dikwels so entoesiasties oor hulle modelle dat hulle oor-ambisieus word. Hulle swig voor die versoeking om die betrokke metode waarvoor hulle opgewonde is, voor te hou as dié oplossing vir alle eksegetiese probleme. Tereg verklaar Porter (1995:116) ten opsigte van diskoersanalise: "It is not a magic wand that can be waved over significant exegetical issues to make all problems disappear." Om van een enkele eksegetiese instrument te verwag om 'n verskeidenheid van vrae te beantwoord, is wetenskapteoreties fundamenteel verkeerd, aangesien elke metode slegs geskik is om die beperkte aantal vrae waarvoor dit ontwerp is, te beantwoord. Metode-imperialisme het baie bygedra tot verwarring aangaande die moontlikhede én diskreditering van redevoeringsanalise. Moisés Silva (1995:102) kla byvoorbeeld: "My anxiety, however, was only aggravated to realize in a fresh way that discourse analysis is about ... *everything!* It is grammar and syntax, pragmatics and lexicology, exegesis and literary criticism. In short, fertile ground for undisciplined minds." Om byvoorbeeld van diskoersanalise te verwag om die historiese, sosiologiese en retoriese dimensies van 'n teks te ontbloot, is totaal onvanpas. Hiervoor is daar ander, veel meer geskikte instrumente.

2.4 Probleme wat verband hou met formalisering en skematisering

Soos in ander wetenskappe maak linguïste van verskillende modelle en formules gebruik om hulle bevindings te formaliseer. Om begryplike redes raak hierdie modelle baie abstrak en reduksionisties. Vir die meeste eksegete bring hierdie abstrakte modelle 'n kommunikasieprobleem mee tensy hulle 'n tydwende studie van die onderskeie modelle en hulle onderliggende taalfilosofieë onderneem. Hierdie probleem sny na twee kante toe. Die persoon wat self met hierdie modelle wil werk, moet geweldig baie insette lewer om hulle baas te raak. Wanneer hy egter self hierdie modelle gebruik, ontstaan daar weer 'n toeganklikheidsprobleem na sy lesers toe. Ook hulle kan hierdie abstrakte aanbiedings nie sonder meer begryp nie. Die praktiese gevolg hiervan is dat aanbiedings van hierdie aard net eenvoudig opsy geskuif word en nie deur die breër gemeenskap van Bybelwetenskaplikes gebruik word nie. Porter (1995:34) vat hierdie probleem raak wanneer hy praat van die behoefte aan “explicit and accessible theoretical models...those approaching from the outside will need to be able to grasp the particulars of the methods.”

2.5 Idiosinkratiese neigings

Verbandhoudend met die tendens tot abstraksie is die neiging tot idiosinkrasie. In ooreenstemming met die linguïstiese model wat hulle benut, ontwikkel beoefenaars van diskoersanalise dikwels 'n eie soort jargon wat uiteindelik net hulle eie binnekring begryp. In effek word buitestaanders uitgesluit. Alhoewel dit op 'n ietwat ander terrein lê, is 'n tipiese voorbeeld van hierdie soort proses die werk van Gütgemanns op die generatiewe poëtik wat om begryplike redes net eenvoudig nie deur die eksegetiese hoofstroom begryp is nie en daarom nooit werklik op meriete geëvalueer is nie.

2.6 Die wanverhouding tussen insette en uitsette

Porter (1995:29-30) sny hierdie probleem direk aan wanneer hy die kwessie van “return for effort involved” op die tafel plaas. Hy verwys in hierdie verband na die Brits-Australiese model, maar die probleem strek veel wyer. Is die uitsette van diskoersanalise adekwaat aan die insette wat vereis word? Is sy nuttigheidswaarde, gemeet aan die tyd en arbeid wat dit in beslag neem, die moeite werd? Waarom baie navorsingstyd en eventueel ook publikasieruimte bestee aan 'n metode om dinge te bewys wat, ten minste in sekere opsigte, self-evident is of wat langs ander, minder moeisame eksegetiese weë ook bereik kan word?

2.7 Die onvermoë om uit te breek uit die tradisionele bevangenheid met sinne

Vir eeue was taalstudie beperk tot die interne ruimte van sinne, hetsy enkelvoudige of samegestelde sinne. Diskoersanalitici vind dit buitengewoon moeilik om met hierdie tradisie te breek. Paragrafe of langer tekste word nog steeds nie in alle gevalle bestudeer as eenhede in eie reg en as iets anders as die blote opstapeling van individuele sinne nie. Porter (1995:24-27) identifiseer hierdie probleem in sy evaluasie van die meeste produkte van die Summer Institute of Linguistics. Die probleem gaan egter wyer. Dit blyk duidelik as 'n mens kyk na die proeflopies van diskoersanalise wat in 1993 voorgelê is by die Society of Biblical Literature se afdeling oor Biblical Greek Language and Linguistics (Porter & Carson 1995:36-101). Ook in hierdie publikasies val die swaartepunt nog te sterk op sinskomponente. Reed (1995:75-101) bevat hoopvolle verwysings na tema en prominensie. Hy beklemtoon dat die studie van woorde en sinne besien moet word “from the perspective of the larger discourse” (Reed 1997b:192; vgl ook 1993:93) en dienooreenkomstig beklemtoon hy die prioriteit van 'n “van- bo- na-onder” benadering (die sogenaamde “top-down approach”; 1993:93) teenoor die “van-onder-na-bo”(die “bottom-up” benadering). Hierdie is 'n stap in die regte rigting, alhoewel nog te sterk op die fyner sinskomponente gekonsentreer word. Substansiële vordering sal eers gemaak kan word as met die sinsbevangenheid gebreek word en die groter tekseenhede as sodanig die fokuspunt word.

2.8 Kompetisie met ander dissiplines

Relatief kort na die eerste impak van diskoersanalise is die Nuwe-Testamentiese wetenskap getref deur drie ander ontwikkelings: die opkoms van narratiewe analise, die toepassing van die sosiaal-wetenskaplike benadering op die Nuwe Testament en die herontdekking van die retoriek. Aldrie hierdie paradigmas het 'n geweldige impak op die bestudering van die Nuwe Testament gemaak. Die aandag van baie wetenskaplikes is hiervoor opgeëis en geeneen van hierdie metodes is tot nog toe “uitgewoed” nie. Hulle is bowendien so waardevol dat die ondersoek op hierdie gebiede beslis sal moet voortgaan. Ongelukkig het dat die opkoms van hierdie metodes negatief ingewerk het op die ontwikkeling van diskoersanalise

3. HOE KAN HIERDIE PROBLEME DIE HOOF GEBIED WORD?

Die hierbo vermelde probleme is ernstig en het ongetwyfeld bygedra tot die tanende populariteit van diskoersanalise. Skrywer hiervan is egter oortuig dat

'n weldeurdagte en self-kritiese diskoersanalise soveel belofte inhou en in die verlede sy nuttigheidswaarde reeds in so 'n mate bewys het, dat nie sonder meer boedel oorgegee mag word nie. Alles behoort gedoen te word om hierdie uiters nuttige eksegetiese instrument te rehabiliteer en verder uit te bou. Maar in daardie geval sal opnuut krities gekyk moet word na die doel, die aard en die hantering van redevoeringsanalise. Met die oog hierop word vervolgens 'n aantal voorstelle ter tafel gelê.

3.1 Die doel van Nuwe-Testamentiese diskoersanalise

Voordat ons meer spesifiek vra na die doel van Nuwe-Testamentiese redevoeringsanalise moet 'n algemene opmerking gemaak word oor die gebruik van spesifieke modelle met die oog op die spesifieke behoeftes van verskillende vakrigtings. 'n Belangrike opmerking van Teun van Dijk (1985 vol 2:1), 'n kenner van wêreldwye ontwikkelinge op die gebied van die diskoersanalise, is hier ter sake:

The variety of descriptive methods in discourse analysis is impressive. Whether inspired by intuitive or by more theoretical considerations about the nature of discourse, many of the disciplines in the humanities and social sciences have developed their own approaches. Clearly, these methods are biased by the specific structures or functions, or by the kinds of discourses relevant in these disciplines.

Uit hierdie opmerking is dit duidelik dat verskillende vakgebiede met verskillende diskoerssoorte werk en spesifieke behoeftes het waarvoor diskoersanalise funksioneel moet wees. In die geval van Bybelse diskoersanalise, meer spesifiek Nuwe-Testamentiese diskoersanalise, sal hierdie paradigma dus 'n funksie moet vervul wat aan die besondere behoeftes van hierdie vakgebied beantwoord.

Wat behoort die doel of funksie van Nuwe-Testamentiese diskoersanalise dan wel te wees? Soos reeds gestel, presies dit wat die term self sê, naamlik 'n analise van die Nuwe Testamentiese diskoerse as sodanig: 'n ontsluiting, 'n oopmaak van die hoofkontoere van die redevoering, van sy hooftema en moontlike subtemas, van die verloop van die argument met die oog op die verdere detailanalises wat later sal volg. Op hierdie wyse maak diskoersanalise nie pretensieuse aansprake nie. Dit vervul 'n beskeie maar uiters belangrike ontsluitingsrol met die oog op die res van die eksegetiese proses.

Hierdie definisie het sekere implikasies. Duidelik behoort ons nie daarmee, soos met 'n haelgeweerskoot, 'n veelvoud van vrae te probeer

Het diskoersanalise 'n toekoms

beantwoord waarvoor daar in elk geval ander, geskikter metodes bestaan nie. Instrumente soos die sosiaal-wetenskaplike analise, narratiewe analise en retoriese analise kan baie van hierdie vrae beter beantwoord. Nuwe-Testamentiese diskoersanalise sal sy eie beskeie plek naas ander metodes moet inneem.

Daar is egter 'n tweede implikasie. As die definisie die fokus op diskoers as 'n samehangende eenheid plaas en nie op die onderskeie sinne waaruit daardie diskoers opgebou is nie, beteken dit dat die diskoersanalitikus se punt van observasie (vantage point) nie enkele sinne sal wees nie, maar die diskoers as geheel. Hierop sal later verder uitgebrei word.

Hierdie meer beskeie rol vir diskoersanalise beteken egter ook nog dat gekonsentreer behoort te word op die nie-performatiewe aspekte van die teks, dit wil sê op *wat* die teks direk sê en nie op *wat die teks tot stand wil bring* nie. Laasgenoemde kan beter deur ander metodes in samehang met die detaileksegese van die teks ondersoek word.

'n Opmerking oor die bevraagtekening van die heuristiese waarde van diskoersanalise is ook nog hier ter sake. Hierdie bevraagtekening is wetenskap-teoreties gesond, maar kan nie die toets deurstaan nie. My ondervinding van diskoersanalise oor jare is dat hierdie metode telkens my oë oopgemaak het vir semantiese fasette van die teks wat andersins verlore kon gegaan het. Bowendien is die heuristiese uitset van 'n metode nie die enigste kriterium vir sy waarde nie. Die voorbereidende waarde van diskoersanalise vir die verdere ontginning van daardie teks in die detailanalitiese stadium is minstens net so belangrik.

3.2 Nuwe-Testamentiese diskoersanalise moet waak teen formaliserende reduksionisme en idiosinkratiese taalgebruik

Linguïste werk graag met abstraherende tabelle en formules. Wanneer Nuwe-Testamentici hierdie rigting opgaan, word die spesifieke van die teks gereduseer en word dit vir ander eksegete uiters moeilik om die argument te volg. Terselfdertyd stel 'n oordrewe formalistiese benadering die eksegeet voor die versoeking om die teks in 'n bepaalde gietvorm in te forseer. In Nuwe-Testamentiese diskoersanalise moet dus ook gewaak word teen 'n abstraksie wat die spesifiek eie "koloriet" van 'n bepaalde teks opoffer.

In hierdie verband is ook reeds gewys op die tendens tot skoolvorming en idiosinkratiese taalgebruik. Hierdie tendens bring mee dat beoefenaars van spesifieke metodes uiteindelik net met hulle eie binnekring praat. Buitestaanders word reeds by voorbaat uitgesluit. Indien protagoniste van diskoersanalise hulle metode by ander eksegete wil laat posvat, sal hulle aanbieding sodanig moet wees dat hulle hulself nie van die res van die Nuwe-

Testamentiese gemeenskap afsny nie. 'n Sekere minimum tegniese terme is in enige vakrigting onvermydelik, maar moet so ver moontlik beperk word. Daarbenewens moet hierdie terme, wanneer hulle wel gebruik word, duidelik gedefinieer word.

3.3 Die beslissende observasiepunt van diskoersanalise moet die geheelheid wees

In die beoefening van diskoersanalise moet daar 'n voortdurende beweging wees van die geheel na die kleiner dele en van die kleiner dele (sinne en hulle konstituente) na die geheel. Albei bewegings, dié van-bo-na-onder (die “top-down approach”), sowel as dié van onder-na-bo (die “bottom-up approach”) (Porter 1995:113; Reed 1997b:191-192,196-197) is essensieel. Die groter eenheid dra immers by tot die betekenis van die kleiner onderdele en omgekeerd dra die kleiner eenhede weer by tot die betekenis van die groter geheel. Laasgenoemde bly egter *die beslissende betekenisbepaler* netsoos 'n sin meer is as die somtotaal van sy konstituente en laasgenoemde se betekenis beslissend bepaal. Om hierdie rede moet die essensiële observasiepunt die diskoers as geheelheid wees. Van “bo” kry die ondersoeker die regte perspektief op die geheel en sy samestellende elemente. 'n Te sterk konsentrasie op die individuele sinne en hulle konstituente laat die ondersoeker in detail vasval en vertroebel sy uitsig op die geheel.

3.4 In diskoersanalise moet die regte funksionele verhouding tussen insette en uitsette in gedagte gehou word

Ons het reeds gesien dat Porter die kritiese vraag van “return for effort involved” op die tafel geplaas het. In diskoersanalise kan soveel aandag aan reeds vanselfsprekende of minder belangrike detailaspekte gegee word dat dit 'n soort “waterhoof” in die eksegetiese proses word. Dit is byvoorbeeld nie noodwendig nodig om steeds die semantiese relasies tussen die konstituerende sinne van 'n diskoers te bepaal nie. Dit sou wel funksioneel wees wanneer hierdie relasie problematies blyk. Om as sinvolle voorbereiding vir die detaileksege te dien, is dit belangrik om op die meer prominente aspekte van die oorhoofse diskoers te konsentreer. .

3.5 Diskoersanalise moet op 'n gesonde, linguisties verantwoorde teoretiese basis berus

Sonder twyfel moet diskoersanalise uitgaan van 'n linguisties deeglik verantwoorde teoretiese basis. Porter (1995:33-34) het die Suid-Afrikaanse diskoersanalise redelik positief beoordeel, maar nietemin “its failure to

Het diskoersanalise 'n toekoms

establish a comprehensive theory” betreur. Hierdie ongenueanseerde stelling moet bevraagteken word, aangesien minstens die die kolonteorie tog deeglik deur Louw (1979:5-31) uitgespel word. Dit is sekerlik so dat daar nog meer teoretiese besinning nodig is voordat van 'n omvattende teoretiese grondslag vir diskoersanalise binne die Suid-Afrikaanse konteks gepraat sou kon word. Tog is dit ongelukkig dat Porter nie uitbrei op die eise wat hy aan so 'n “comprehensive theory” sou stel nie.

3.6 Diskoersanalise moet binne 'n sistematiese raamwerk geskied

Dit is belangrik dat redevoeringsanalise nie lukraak sal geskied nie, maar volgens 'n duidelike program. Die progressie in hierdie program sal breedweg bepaal word deur 'n beweging van die leksikaal-sintaktiese op die oppervlakstruktuur van die teks na sy dieperliggende semantiese aspekte.

3.7 Die toekoms van diskoersanalise lê nie in isolasie nie

Soos ons gesien het, word die ontwikkeling van diskoersanalise gestrem deur die feit dat verskillende “skole” in isolasie van mekaar werk. In alle vakgebiede word vandag beleef watter geweldige positiewe faktor internasionale skakeling en samewerking is. Dit is uiters wenslik dat dit ook in die geval van diskoersanalise sal geskied.

4. TOEKOMSBLIK

Ons het gekyk na die opkoms en huidige stand van die Nuwe-Testamentiese diskoersanalise. Daarop is aandag gegee aan die faktore wat op die oomblik 'n swak toekomsprognose meebring. Vanweë die besondere waarde van hierdie eksegetiese instrument sal alle moontlike pogings aangewend moet word om dit te red en uit te bou. Daarom is ook gevra na die vereistes vir die sinvolle toekomstige ontwikkeling van redevoeringsanalise.

Indien so 'n heroplewing van diskoersanalise plaasvind, sal dit belangrik wees dat internasionaal meer intensief kennis geneem word van wat reeds in Suid-Afrika op hierdie gebied gedoen is. Melding is reeds gemaak van die baanbrekerswerk van J P Louw en van die vrugbare gebruik van hierdie metode in eksegeseklasse, verhandelings en proefskrifte. Heelwat meer is egter reeds tot stand gebring. Binne die kring van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika het A B du Toit in *Neotestamentica* 8 die eksegetiese belang van diskoersanalise teoreties bespreek en prakties geïllustreer aan die hand van 1 Petrus 1:3-13 (Du Toit 1974), terwyl H J B Combrink dit in *Neotestamentica* 9 opgevolg het met 'n bespreking van die struktuur van 1 Petrus (Combrink 1975). Twee publikasies van *Neotestamentica* is aan die diskoersanalise van die Matteusevangelie

gewy, naamlik *Neotestamentica* 11 (Kotzé et al 1977) en 16 (Van Aarde et al 1983). In die betrokke uitgawe van *Neotestamentica* 11 het H C du Toit 'n teoretiese besinning aangebied oor die vraag "What is a colon?" (Kotzé et al 1977:(1) – (10). In *Neotestamentica* 13 het die struktuur van die Johannesbriewe onder die soeklig gekom (Du Rand 1979). In die addendum tot *Neotestamentica* 26 is 'n volledige diskoersanalise van Galasiërs aangebied (Pelser et al 1992). Daarbenewens was die kommentaarreeks *Kommentaar op die Nuwe Testament. Struktuur – Uitleg – Boodskap*, waarin ongelukkig net drie Nuwe-Testamentiese boeke aan die orde gestel kon word (Kotzé 1990; Roberts 1992 & Du Plessis 1995), geheel en al op diskoersanalise gebaseer. Hierdie is bloot 'n beperkte aantal voorbeelde van die ruim diskoersanalitiese arbeid wat reeds deur Suid-Afrikaanse Nuwe-Testamentici verrig is. Al hierdie arbeid het ongelukkig aan die grootste deel van die akademiese wêreld verbygegaan. Onder die vereistes wat hierbo gestel is vir 'n toekomstige sinvolle ontwikkeling van diskoersanalise, was een van die belangrikstes dat in diskoersanalise die beheptheid met sinne en kleiner taaleenhede verbreek en die groter eenhede as beslissende observasiepunt geneem behoort te word. Dit is wat by uitnemendheid in die Suid-Afrikaanse diskoersanalise gedoen word. Hierdie is maar een van die redes waarom 'n toekomstige oplewing van diskoersanalise nie aan die Suid-Afrikaanse diskoersanalise kan verbygaan nie.

Daar kan maar net gehoop word dat genoeg goed toegeruste jonger eksegete na vore sal tree om te verseker dat die situasie omgekeer en diskoersanalise in belang van goeie eksegete verder ontwikkel sal word. Of dit wel sal gebeur, sal die tyd moet leer.

Literatuurverwysings

- Beardslee, W A 1989. Recent literary criticism, in Epp, E J & MacRae, G W (eds), *The New Testament and its modern interpreters*. Atlanta, GA: Scholars Press, 175-198.
- Combrink H J B 1975. The structure of 1 Peter. *Neotestamentica* 9, 34-63.
- Cotterell, P & Turner, M 1989. *Linguistics and biblical interpretation*. Downers Grove, IL: InterVarsity.
- De Beaugrande, R 1991. *Linguistic Theory: The discourse of fundamental works*. London: Longman.
- Deist, F E 1978. Ope vrae aan die diskoersanalise. *NGTT* 19, 260-271.
- Du Plessis, I J 1995. *Die Evangelie volgens Lukas, I-III*. Kaapstad: Lux Verbi. (Kommentaar op die Nuwe Testament. Struktuur – Uitleg – Boodskap.)
- Du Rand, J A et al 1979. Studies in the Johannine letters. *Neotestamentica* 13 (addendum).
- Du Toit, A B 1974. The significance of discourse analysis for New Testament interpretation and translation. *Neotestamentica* 8, 54-79.
- Du Toit, H C 1977. What is a colon? *Neotestamentica* 11 (addendum), (1) – (10).
- Halliday, M A K & Hasan, R 1976. *Cohesion in English*. London: Longman.

Het diskoersanalise 'n toekoms

- Harris, Z S 1952. Discourse Analysis. *Language* 28, 1-30.
- Hendricks, W O 1967. On the notion "beyond the sentence." *Linguistics* 37, 12-51.
- Kotzé, P P A 1990. *Die Brief van Jakobus*. Kaapstad: Lux Verbi. (Kommentaar op die Nuwe Testament. Struktuur – Uitleg – Boodskap.)
- Kotzé, P P A et al 1977. The structure of Matthew 1-13. An exploration into discourse analysis. *Neotestamentica* 11.
- Longacre, R E 1996. *The grammar of discourse*. 2nd ed. New York: Plenum Press.
- Louw, J P 1973. Discourse analysis and the Greek New Testament. *BT* 24, 101-119.
- Louw, J P 1976. *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Engelse vertaling: 1982. *Semantics of New Testament Greek*. Philadelphia, PA: Fortress Scholars.
- Louw, J P 1979. *A semantic discourse analysis of Romans*, Vol I-II. Pretoria: University of Pretoria.
- Louw, J P 1992. Reading a text as discourse, in Black, D A (ed), *Linguistics and New Testament interpretation: Essays on discourse analysis*. Nashville, TN: Broadman, 17-30.
- Pak, T-Y 1972. Limits of formalism in discourse analysis. *Linguistics* 77, 26-48.
- Pelser, G M M 1992. Discourse analysis of Galatians. *Neotestamentica* 26(2) (addendum).
- Porter, S E & Carson D A (eds) 1995. *Discourse analysis and other topics in biblical Greek*. Sheffield: Sheffield Academic. (JSNT Sup 113.)
- Porter, S E 1995. Discourse analysis and New Testament studies: An introductory survey, in Porter, S E & Carson, D A (eds), 14-35.
- Porter S E & Reed, J T (eds) 1999. *Discourse analysis and the New Testament: Approaches and results*. Sheffield: Sheffield Academic. (JSNT Sup 170.)
- Reed, J T 1992. Cohesive ties in 1 Timothy: in defence of the epistle's unity. *Neotestamentica* 26, 131-147.
- Reed, J T 1993. To Timothy or not: A discourse analysis of 1 Timothy, in Porter, S E & Carson, D A (eds), *Biblical Greek language and linguistics: Open questions in current research*, 90-118. Sheffield: JSOT. (JSNT Sup 80.)
- Reed, J T 1995. Identifying theme in the New Testament: Insights from discourse analysis, in Porter & Carson 1995:99-101.
- Reed, J T 1996. Discourse analysis as New Testament hermeneutic: A retrospective and prospective appraisal. *JETS* 39, 223-240.
- Reed, J T 1997a. *A discourse analysis of Philippians: Method and rhetoric in the debate over literary integrity*. Sheffield: Sheffield Academic. (JSNT Sup 136.)
- Reed, J T 1997b. Discourse analysis, in Porter, S E (ed), *Handbook to exegesis of the New Testament*, 189-217. Leiden: Brill. (NTTS 25.)
- Roberts, J H 1992. *Die Brief aan Filemon*. Kaapstad: Lux Verbi. (Kommentaar op die Nuwe Testament. Struktuur – Uitleg – Boodskap.)
- Silva, M 1995. Discourse analysis and Philippians, in Porter & Carson 1995:102-106.
- Stubbs, M 1983. *Discourse analysis: The sociolinguistic analysis of natural language*. Oxford: Blackwell. (Language in Society 4.)
- Van Aarde, A G et al 1983. Structure and meaning in Matthew 14-28. *Neotestamentica* 16 (addendum).
- Van Dijk, T A 1972. *Some aspects of text grammars*. The Hague: Mouton.
- Van Dijk, T A (ed) 1985. *Handbook of discourse analysis* 1-4. London, Orlando et al: Academic.